

KERKLIKE GESAG?

Hierdie dokument is opgestel deur die Sinodale Kerkorde Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Kaapland.

Dit mag nie verander word sonder die skriftelike toestemming van die Sinode van Noord Kaapland nie.

1. INLEIDEND

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.” (Matteus 28:18) So het Jesus Christus, die Koning van die eeue, gesê. En die kerk is sý kerk, sy liggaam, wat Hy versamel en versorg en bewaar. In sy hande hou Hy haar, deur sy Woord en Gees regeer Hy haar. Die kerk kan dus, mág dus geen ander gesag ken en erken as die gesag van die Here Jesus Christus wat Hy uitoefen deur sy Woord nie. Dit is ook van groot belang dat ons sal begryp dat Hy sy gesag aan niemand verleen nie. Die enigste gesag in kerklike samekomste – of dit nou gemeentelik of in ringsverband of op sinodale of algemeen-sinodale vlak is – is die Here se gesag. Hierdie gesag vind ons in sy Woord, waar die stem van die Goeie Herder gehoor word. Dit is dus een en dieselfde gesag wat geld in die samekomste van ‘n kerkraad, ‘n ring, ‘n sinode, ‘n algemene sinode, of watter ander kerklike samekoms (sinodaal of federaal) ookal. Die persepsie wat geskep is en word dat die vraag na die “gesag” van kerklike “samekomste” of vergaderings nog nie afdoende beantwoord is nie, en/of dat daar (toelaatbare) verskil van opinie daarvoor kan wees, verbaas dus effens. ‘n Debat heers steeds oor die vraag na die presiese aard en omvang van die gesag van dié vergaderinge, veral ten opsigte van sogenaamde “meerdere” vergaderinge. (“Meerdere” in terme van die getal afgevaardigdes en nie “meerdere” in die sin van “hoëre” nie.) Die enigste gesag wat op enige kerklike “vlak” geld – of dit nou op gemeentelike, rings- sinodale of algemeen-sinodale vlak is – is die gesag van Christus, wat sy kerk Self regeer, deur sy Woord en Gees.

2 DIE AARD VAN KERKVERBAND

Openbaring 1:12-20 praat ‘n mooi en helder taal:

“... toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe lemand soos die Seun van die mens. Hy het ‘n lang kleed aangehad en ‘n goue band om sy bors gedra. Die hare op sy kop was wit soos wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in ‘n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van ‘n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en ‘n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn. ... En dit is die verborge betekenis van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue lampe: die sewe sterre is die leraars (ouderlinge?) van die sewe gemeentes, en die sewe lampe is die sewe gemeentes.”

Ná sy opstanding het Jesus aan sy apostels **“met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe”** en by verskeie geleenthede aan hulle verskyn (Hand 1:3.) Maar na sy hemelvaart het Hy nog net tweemaal verskyn: aan Paulus (Hand 9:3vv), die **“ontydig geborene”** (1 Kor 15:8) en – oplaas – aan die geliefde Johannes, wat moes skrywe wat hy sien en dit vir die sewe gemeentes moes stuur.

En wat hy gesien het en neergeskryf het was geweldig: die Seun van God tussen die sewe staanlampe, beeld van die kerk van Jesus Christus wat in Hom en in Hom alléén eenheid vind. Dáár – in sy kerk – is Hy werkend teenwoordig, wandel Hy tussen die lampe (gemeentes), **“...al die dae tot die voleinding van die wêreld.”** (Matteus 28:20), daar regeer Hy alléén, deur Woord en Gees, want daar word sy stem gehoor, **“...soos die stem van baie waters...”** (Open 1:15). En dáár lê die eenheid en die verband tussen die

gemeentes – in Christus alleen, uit Wie se mond sy Woord as “...’n *skerp swaard met twee snykante...*” kom. Die enigste gesag in die kerk is die gesag van dié Woord.

Daar is geen ander grondslag vir of noodsaak tot kerklike verbande as hierdie belydenis nie (Kyk ook na die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 54.) Dit is dus nodig om duidelik te stel dat verbande en meerdere vergaderings gebore is (en word) uit die verband wat in Christus bestaan en bely word en uitdrukking vind in “meerdere” samekomste. Op grond van dieselfde belydenis gee kerke uitdrukking aan die verband wat hulle in Christus het. Dit is nie die kerke of vergaderings van kerke wat die verband skep nie – die verband is Christus, die Een wat tussen die lampe wandel. Die kerke gee slegs uitdrukking aan die verband. (En let op: dis nie die verband wat die belydenis daarstel nie; dis die ooreenstemming in belydenis wat lei tot die openbaring, vergestaltung van die verband, wat in Christus bestaan.) Daarby is dit meteens ook duidelik dat die kerkverband nie tot die wese van die kerk behoort nie. Die tradisionele manier van sê in dié verband is dat dit tot die welwese van die kerk behoort. ‘n Kerk (gemeente) het nie die sigbare gestaltes van die verband nodig om volledig en selfstandig kerk te wees nie. Die eenheid en verband bestaan onverbreekbaar in Christus. Daar is inderdaad vanuit die geskiedenis (moontlik selfs nog vandag?) gevalle bekend van kerke wat sonder sigbare verband geleef en gefloreer het. (Die eerste gemeente aan die Kaap het vir geruime tyd so bestaan en was nie daarom minder kerk nie.) Dit maak – op grond van wat hierbo gesê is - hoegenaamd nie die verband onbelangrik nie; enige individuele kerk verarm homself as hy probeer om slegs in isolasie te lewe en te werk. Dit sou inderdaad neerkom op ‘n aantasting van Jesus Christus se koningsheerskappy en regering, want die verbondenheid aan mekaar is immers in Christus Self. Daarom is dit goed en reg vir die (plaaslike) kerk se welsyn dat hy uitdrukking gee aan sy verband met ander kerke, ‘n verband wat deur Christus Self gelê is.

Dit is egter belangrik om daarteen te waak dat ‘n meerdere vergadering vir hom ‘n plek begin opeis as ‘n derde gestalte van die kerk. In sy “agternasê” van die Skrif praat die Nederlandse Geloofsbelydenis van (plaaslike) kerke (meervoud) en van die (universele) kerk (enkelvoud). Die eenvoudigste wyse om dit te verstaan is om die enkelvoudvorm – kerk – te verstaan as ‘n versamelnaam vir die van mekaar te onderskeie selfstandige en volledige plaaslike kerke, die lampe met hulle sterre wat in die regterhand van die Seun van God vasgehou word. En ‘n meerdere vergadering is net dít: ‘n vergadering van die selfstandige, volledige kerke. Dit is nie ‘n derde gestalte van die kerk nie en dit is ook nie ‘n “verteenwoordiger” van die kerk nie. Dit is en bly ‘n vergadering of samekoms van die kerke.

3 DIE GESAG VAN KERKLIKE (MEERDERE) VERGADERINGS EN DIE AARD DAARVAN

In die kerk en in sy samekomste kan en mag van geen ander gesag sprake wees as dié waarvan die inleidende aanhaling van hierdie stuk praat nie. Christus alleen is die Gesagsdraer en die Gesaghanteerder in sy kerk.

Wat is die situasie in die Ned Geref Kerk? Op voetspoor van die “Kerkenordeninghe” van Dordrecht bepaal die Kerkorde van die Ned Geref Kerke in Suid-Afrika in Artikel 20:2: “Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.” (Dit is glad nie duidelik waarom juis “Algemene Sinode” met hoofletters geskryf word, terwyl die ander vergaderings nie in dié eer deel nie.) In die Dordtse orde word bepaal: “Het zeggen van de classes over de kerkenraad....” In die Kerkorde van die Nederlandse Gereformeerde Kerken is “zeggen” oorgeset as

“zeggenschap” en op dié spoor praat Afrikaans van “gesag”. Maar “zeggen” en “zeggenschap” het nie dieselfde klank en wysie nie en verskil semanties: “zeggen” bedoel duidelik die “zeggen” van die Woord van God, terwyl “zeggenschap” – al sou dit ook verklaar word as duidende op die “zeggen” van die Woord - nader in betekenis aan die Afrikaanse “gesag” lê. “Zeggen” is binne die verband waar dit oorspronklik gebruik is duidelik kragtiger en ryker in betekenis as “zeggenschap”. In die kerk geld alleen die “zeggen” van die Woord, Christus, die Goeie Herder, se Woord: **“Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit.....Hulle sal ‘n vreemde nooit volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie stem van vreemdes ken nie.”** (Joh 10:3, 5) Dit is ‘n mistasting om te meen dat enige kerklike vergadering gesag oor ‘n ander het of kan hê. Een en dieselfde gesag geld vir almal: die gesag van die Goeie Herder se Woord.

Daarby is Artikel 20 – mede op voetspoor van Nederlandse Gereformeerde Kerke – ook uitgebrei met ‘n 20.1: “Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, ‘n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.” Daarmee is niks nuuts of opspraakwekkend gesê nie, mits dit maar korrek verstaan word: christelike denkers het van die vroegste tye af al raakgesien en gesê dat alle gesag deur Christus “verleen” word. Hy het immers duidelik genoeg gesê: **“Aan my is alle mag in die hemel en op die aarde gegee.”** Daar is dus geen ander mag of gesag in die hemel of op die aarde of in die waters onder die aarde wat nié aan Jesus Christus behoort nie. En Hy “verleen” sy mag/gesag aan niemand nie – Hy regeer immers self oor heel die skepping (en oor sy kerk op aarde) – mense en instansies erken of misken hoogstens die gesag wat aan Christus alleen behoort. Die enigste maatstaf wat gelowiges ooit kan of mag aanlê om die verantwoordelike of onverantwoordelike omgang met Christus se gesag te probeer bepaal, behoort die Woord van God te wees. (Dit verklaar waarskynlik die wye ontsteltenis oor byvoorbeeld die verklaring of standpunt wat – ten totale onregte en sonder enige opdrag daartoe – namens die Ned Geref Kerk aan die staatsmasjinerie voorgelê is ten opsigte van die huwelik of burgerlike verbintenis tussen persone van dieselfde geslag. Gelowiges oordeel met goeie reg dat ‘n gelowige of ‘n kerklike vergadering geen ander opdrag het as om getuigend te sê wat die Woord sê nie. As enige christelike geloofsgemeenskap of kerk dus in gehoorsaamheid aan die stem van Christus oordeel dat sodanige verbintenis Skriftuurlik onverantwoordbaar is, dan grens dit aan onverantwoordelikheid om te beweer dat die kerk volgens die Bybel wil oordeel, maar dat die staat volgens die grondwet moet oordeel. As die Bybel teen iets is, sal hy ook daarteen wees as die grondwet iets wat verkeerd is beskerm en behoort gelowiges dit getuigend te sê, of dit nou eer bring, of oneer. Of is die opdrag tot getuie wees vir die kerk ongeldig binne staatsverband?)

In ieder geval: gesag setel nie in enige persoon nie, slegs in Christus, die Hoof van alle dinge. Dit setel ewe min in enige amp. En as ons ons tot kerklike ampte beperk, is dit só dat enige kerklike amp ‘n dienende karakter vertoon en behoort te vertoon. Ten opsigte van die vraag na gesag in die kerk kan dit dus nie anders wees as dat die regering en gesag van Christus in en aan sy kerk bedien word nie. Daarby is dit ook belangrik om gedurig voor oë te hou dat Christus Sêlf sy kerk regeer. Hy stel nie mense aan om dit namens Hom te doen nie. Sy regering word immers deur die ampte in die kerk bedien, nie deur mense (in die onderskeie ampte of elders) “uitgeoefen” of “toegepas” nie. Die “gesag” van meerdere vergaderinge soos uitgedruk in Artikel 20 van die Kerkorde moet goed verstaan word.

Tot relatief onlangs was die gangbare uitgangspunt in die Ned Geref Kerk dié wat deur onder andere Voetius en Bouwman gehandhaaf is, naamlik dat die feit dat ‘n kerkraad per geloofsbrief afvaardig na ‘n meerdere vergadering (ring, sinode) op een of ander wyse iets

te doen het met sodanige meerdere vergadering se “gesag.” Om uitdrukking daaraan te gee is gepraat van “opeengehoopte” gesag. Wat uit die aard van die saak nié beteken dat kerkrade aan ringe of sinodes hulle “gesag” verleen nie – dit sou immers belaglik wees om só te dink in die lig van wat hierbo oor Christus en gesag gesê is. Maar dit is so dat meerdere vergaderings per afvaardiging vanuit mindere vergaderings “gekonstitueer” word. Oor hoe dit presies onder woorde gebring moet word, is seker nog nie ‘n finale woord gesprek nie. Wat egter wel duidelik en belangrik is, is dat die gereformeerde teologie steeds alle sweem van hiërargie afwys en móét afwys, omdat Christus en Hy alleen die Hoof, die Regeerder, die Gesagsdraer in en van sy kerk op aarde is. Geen kerklike vergadering of samekoms oefen gesag uit oor ‘n ander nie.

Dit is egter onontkenbaar dat die gedagte dat elke vergadering se gesag deur Christus daaraan verleen word geleidelik daartoe gelei het dat meerdere vergaderings (veral algemeen-sinodale vergaderings) ‘n selfstandigheid los van die kerkrade begin verkry het wat (al was en is dit ook onbedoeld) ‘n hiërargiese persepsie binne en buite die kerke tot stand gebring het, sodat reeds al gepraat word van “hoër” en “hoogste” gesag in die kerk. (“Meerdere” en “mindere” – so moet altyd in gedagte gehou word – sinspeel op kwantiteit, nie kwaliteit nie.)

(Kyk na paragraaf 9 hieronder oor kerklike hiërargie.)

4 SAMESTELLING VAN MEERDERE VERGADERINGS

‘n Interessante vraag is of meerdere vergaderings saamgestel word uit/deur ampsdraers, kerkrade, of kerke (gemeentes). Die aanvaarde gereformeerde uitgangspunt is dat dit die onderskeie (selfstandige en volledige) kerke/gemeentes is wat vergader, nadat hulle deur middel van verkose ampsdraers (kerkrade) afgevaardigdes verkies en met geloofsbriewe volmagtig om namens die betrokke gemeentes te vergader. Omdat alle kerke/gemeentes daar teenwoordig is, is ‘n ringsvergadering en ‘n sinodale vergadering ‘n *synodus plena*, wat juis op die teenwoordigheid van alle gemeentes dui. Met ‘n algemene sinode staan die saak egter anders: dit is nié die onderskeie (volledige en selfstandige) kerke/gemeentes wat afvaardig nie, maar die onderskeie sinodes, wat elkeen ‘n aantal afgevaardigdes verkies. Daarom word ‘n algemene sinode aangedui as ‘n *synodus contracta*, of saamgetrokke sinode.

Dit het beduidende en duidelik beperkende invloed op die bevoegdheid en die taak van ‘n algemene sinode, ten minste daarin dat dit sy sakelyste behoort te beperk. Dat die verskillende kerke (gemeentes) daarvoor baie ernstig was en is, daarvan getuig Artikel 44 van die Kerkorde, wat handel oor enige wysiging van die Belydenis. Want as dit enigsins moontlik is om in sulke terme te praat, dan erken hierdie Artikel dat die sinodes (waar ál die kerke teenwoordig is) méérdere “gesag” het as ‘n algemene sinode. (Die vrees vir oorheersing deur ‘n algemene sinode was steeds ‘n reële vrees in gereformeerde kerke. En in die lig van huidige omstandighede – so sal ons nog later sien – is dié vrees beslis nie onrealisties nie.)

5 VERSKIL IN LEEFTYD – KERKRAAD VS MEERDERE VERGADERINGS

‘n Belangrike saak wat nooit uit die oog verloor mag word nie, is die verskil in leeftyd van ‘n kerkraad en byvoorbeeld enige meerdere vergadering soos ‘n sinode: ‘n kerkraad bestaan, selfs wanneer hy nié vergader nie. Die amptelik verkose kerkraadslede word met die versamelnaam “kerkraad” aangedui en as (georganiseerde) deel van die gawes van die Gees aan die gemeente, bestaan ‘n kerkraad. Sy personeel wissel gedurig soos daar

aftredes en nuwe verkiesings is, maar die kerkraad van 'n gemeente bestaan. Dit is ook in ooreenstemming met die Belydenis van die kerk (Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 30). Daarteenoor bestaan 'n sinode slegs *terwyl hy vergader*. As die betrokke vergadering se werk afgehandel is, verdaag en ontbind hy, sodat hy nie meer bestaan nie. 'n Volgende sinode/sinodale vergadering is 'n nuwe vergadering met 'n begin, 'n leeftyd en dan weer 'n verdagende ontbinding. Dit het ook die implikasie dat sy personeel se "termyn" nie buite die tydgrense van die vergadering kán strek nie. Daarby is dit belangrik om in te sien en te begryp dat verkose personeel van 'n vergadering verkies word as *dienaars*, veel eerder as *leiers*. Daar is maar een Leier in die kerk en in enige vergadering van die kerk: Jesus Christus, die Goeie Herder, wat sy stem wil laat hoor om aan sy skape weiding en leiding te verskaf. Teen dié agtergrond is dit prinsipiële onhoudbaar dat die personele van 'n bepaalde vergadering in die "poste" wat hulle tydens die vergadering beklee het, "aanbly" na die vergadering om aangedui te word as moderatuur of moderamen of moderator of aktuaris of wat ookal van die van die Ned Geref Kerk. 'n Moderator (voorsitter), assessor, aktuaris, skriba vervul dié funksies nêr vir die duur van die betrokke vergadering. Tans sit ons egter met die onaanvaarbare situasie dat daar 'n sogenaamde "moderatuur van die Ned Geref Kerk" bestaan, wat as 'n soort van uitvoerende bestuur beslag gelê het op die roeping om die kerk in enige rigting wat hy goëddink te omvorm en/of te lei.

Dit is totaal bedenkelijk dat enige meerdere vergadering – of dit nou op rings-, sinodale, of algemeen-sinodale vlak is - "gekontinueer" word deur middel van kommissies of taakspanne of werkgroepe of moderature of moderamens of wat ookal. Die uitgangspunt ten opsigte van enige kommissie is dat hy slegs (beperkte!) bestaansreg kan hê op grond van sekere (duidelik omskrewe, uitvoerbare en afhandelbare) opdragte wat aan hom gegee word, en na die afhandeling van sy opdragte bly vir hom niks anders oor as volledige rapport aan 'n volgende sinodale vergadering nie. Geen sodanige kommissie het toegang of behoort toegang te hê tot mindere vergaderings of die kommissies wat deur mindere vergaderings aangewys is nie. Daarom moet die hele kwessie van sogenaamde "volmag" aan 'n kommissie met die grootste omsigtigheid denkbaar gehanteer word en nie anders as by baie hoë uitsondering verleen te word nie.

Die denkrigting wat egter tans in die Ned Geref Kerk sigbaar word, vertoon 'n duidelik episkopale standpuntinname, wat toenemend daartoe lei dat die volledigheid en selfstandigheid van die plaaslike kerk prysgegee word – van "bo" af moet leiding kom. En dat daar op dié Roomse pad reeds gevorder is, word helder ten toon gestel in sake soos die voorgestelde "kerklike tribunale" en die "A-Z Handleiding vir predikante": die kerkraad in die algemeen, en die ouderlinge in die besonder, word eenvoudig (verder) uit die vergelyking gehaal. Die Christusregering van die kerk word met een haal eenvoudig vervang deur kenners op verskeie vakgebiede wat 'n stelsel van kanonieke reg moet vestig.

6 BINDENDE BESLUITE?

Wat ook helder voor oë gehou wil word – ten minste in die gereformeerde teologie vir wie 'n presbiteriale stelsel van kerkregering belangrik (ononderhandelbaar?) is – is die uitgangspunt dat geen kerklike vergadering dwingende besluite kan neem nie. Tradisioneel word gesê dat die kerk en sy vergadering nie "dwingende" gesag het nie, maar hoogstens "dringende" gesag. Dit is (dikwels) 'n ope vraag of die aandrang op gehoorsaamheid aan (alle) besluite van meerdere vergaderings op grond daarvan dat dit "bindend" is nie maar 'n vrome verskansing is van die begeerte om tog wel een of ander vorm van "dwingendheid" in te bou nie. Miskien is dit juis híérdie baie reële gevaar wat daartoe gelei het dat – ten minste teoreties nog – eerder deur middel van konsensus tot

besluite gekom wil word as deur middel van formele stemming. Die huidige elletlange “besluite-registers” wat deur meerdere vergaderinge geproduseer word, verskil weinig van ‘n nuwerwetse vorm van te-boek-gestelde kanonieke wetgewing, fluks aangehelp deur ‘n beroep op die bindendheid van sodanige besluite. In stede daarvan dat besluite in biddende en gehoorsame afhanklikheid uit die mond van Christus in die hart ontvang en in sy kerke ingedra word, word hulle eenvoudig met demokratiese meerderheidstem as bindende besluite in ‘n besluiteregister opgeneem en deurgestuur vir uitvoering. (‘n Nuwe *Codex Iuris Canonici*, wat met elke vergadering groter en meer uitgebrei groei. Die haarfyn detail van die sogenaamde “beleidsbesluite” ten opsigte Artikel 12 van die Kerkorde is ‘n sprekende voorbeeld hiervan. Wie eenmaal dié pad betree het, kan nimmermeer ontkom aan die gedurige uitbreiding en verfyning van so ‘n “wettekodes” nie – hy sal noodwendig al meer uitbrei. Vir die koningskap en regering van Christus Self is daar geen plek meer nie.)

7 WIE KAN PRAAT?

Die (nou reeds gevestigde en groeiende) gebruik om vanuit een of ander verbeelde posisie van mag en/of gesag en/of verteenwoordiging gesaghebbende uitsprake namens die kerk te lewer oor sake van die dag of om lopende kommentaar oor sulke sake te lewer, moet ook ten sterkste afgewys word en bestry word. Enige individu kan slegs persoonlik ‘n standpunt stel of – as hy of sy daartoe opdrag ontvang het – ‘n verklaring of standpunt van ‘n vergadering oordra, en dan sekerlik nie asof dit ‘n verklaring of standpunt van “die Ned Geref Kerk” is nie. Tot vervelens toe is nou al standpunte, stellings, verklarings, interpretasies gehoor van “die moderator van die Ned Geref Kerk” of “die algemene sekretaris van die Ned Geref Kerk” of een of ander ánder “kerkleier”, soos die media verkies om te berig. Die Ned Geref Kerk – so behoort die Ned Geref Kerk in Noord-Kaapland duidelik te besluit – ken nie, erken nie en het nie ‘n moderator of aktuaris of algemene sekretaris of parlementêre verteenwoordiger of watter ander “kerkleier” ookal nie. Die jongste algemene sinode het ‘n moderator en aktuaris en skriba (sekretaris) gehad, en dié persone se dienstermyne as sodanig het verstryk met die afhandeling van die vergadering. Die kerkregtelike onsinnigheid dat ‘n moderatuur vir ‘n volgende algemeen-sinodale vergadering reeds verkies is, versterk die persepsie van sulke soort van verheerlikte kerklike super-ampte, in direkte stryd met die Nederlandse Geloofsbelydenis wat die volstreekte gelykheid van ampsdraers sterk uitspel. (Artikel 31: “... wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ookal mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiner en die enigste Hoof van die kerk”.) Daarby word eenvoudig weer eens ‘n streep getrek deur die kerkrade wat afgevaardigdes na sinodale vergaderings moet verkies, by welke vergaderings dan eers na ‘n volgende algemene sinode afgevaardig moet word. Dit beteken eenvoudig dat die jongste algemene sinode voorskryf wie afgevaardig moet word, terwyl die leiding van die Heilige Gees in die aanwys van persone onnodig word: “die Algemene Sinode” sal sommer voorskryf.

Dit is ook opvallend (én ontstellend) dat géén van die persone wat byvoorbeeld in die pers aangedui word as “moderator van die Ned Geref Kerk” in Suid-Afrika of “moderator van die Ned Geref Kerk in dié of daardie gebied” of “Algemene Sekretaris van die Ned Geref Kerk” of watter ander verbeelde kerklike “amp” ookal, nog ooit daarteen beswaar aangeteken het nie. Die verweer dat dit die selfstandige en onafhanklike media en sy werknemers is wat die titels toedig en dat hulle kan berig soos hulle wil, hou weinig water – met dieselfde gemak waarmee pennevrugte en verklarings voortvloei en vir publikasie en uitsending aangebied word, kan met enkele sinne of paragrawe versoek word dat sulke kerkregtelike onsinnigheid gestaak word. Of sou die verleidelikheid verbonde aan ‘n toegekende

magsposisie te sterk wees, selfs al is dit net 'n verbeelde posisie wat perseptueel versterk word deur onbegrypende en begriplose massamedia? Selfs *Kerkbode* het agter dié blink lig van verleiding aan verdwaal en publiseer kritiekloos artikels van “die moderator”.

8 SENTRALE GESAG?

Uit alles wat hierbo gesê is, word dit duidelik dat daar 'n groeiende strewe is na die sentralisering van gesag in algemeen-sinodale strukture, sodat die kerk as en soos 'n korporatiewe grootheid vanuit 'n sentrale hoofkantoor, van bo af, bestuur kan word. Dit is byvoorbeeld opvallend dat nooit meer gepraat word van “'n algemene sinode nie”, maar van “die Algemene Sinode” asof dit 'n permanente struktuur of organisasie is wat durend bestaan, *en waarvan die besluite groter gewig dra as die besluite van mindere vergaderinge*, aangesien dit 'n vergadering is waar beleid bepaal word. Al sou die teendeel ook hoeveel maal gekonstateer word, is dit toenemend die persepsie wat geskep word/is en wat in stand gehou word. Nog groter word die verwarring wanneer dit al meer lyk asof enige algemeen sinodale vergadering in die toekoms gerig sal wees op die bereiking van bepaalde uitkomst, wat bepaal is en gepropageer word deur kommissies en/of taakspanne.

Die sogenaamde “Algemene Sinodale Moderamen (ASM)” vertoon al meer die gestalte van 'n uitvoerende komitee en tree as sodanig op. (Dit lyk natuurlik al meer asof die ASM ook 'n eie uitvoerende komitee in die vorm van die sogenaamde “Moderatuur” het. Op die webblad van die VGK word in verband met die eenheidsgesprek tussen die kerke byvoorbeeld rustig verwys na die “Executive Committees” van die verskillende kerke van die sogenaamde familie van Ned Geref Kerke.)

Die jongste simptome van die (uiteindelike totale) sentralisering van gesag is helder sigbaar uit die werk wat deur die Algemene Taakspan Regte gedoen is in verband met kerklike tribunale en 'n handleiding vir en oor predikante. Die begeerte tot/strewe na sentralisering van mag word in een van die verslae wat voor die Algemene Taakspan Regte by Achterberg gediën het op 8 November 2006 baie duidelik gestel wanneer besinning oor die problematiek rondom “...huidige reëlings met betrekking tot bevoegdheid van predikante en proponente...” tot die volgende opmerking lei:

4. *Gegewe die huidige bestaan van die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering is daar geen maklike oplossing nie. (Indien 'n ander vorm van kerkregering tot stand sou kom waardeur daar groter sentrale mag, sentrale bevoegdhede en sentrale verantwoordelikhede bestaan, sou daar gewis makliker aan oplossings gedink kan word.)*

En deur die voorgestelde daarstel van “Kerklike Tribunale” en die lywige “A-Z Handleiding vir Predikante” word dan inderdaad gekies vir sentrale mag en téén 'n presbiteriale stelsel.

Die implikasies is duidelik: die plaaslike kerk word gedegradeer tot 'n plaaslike “tak” met 'n algemeen-sinodale “hoofkantoor” waar besluite geneem word en deurgegee word vir uitvoering. Die opsig en tug oor ampsdraers word uit die hande van die mindere vergaderings geneem (onder meer as gevolg van beweerde gebrek aan kundigheid) en oorgedra aan tribunale, wat niks anders op die oog het as om (wéér) 'n geboekstaafde stelsel van kanonieke reg daar te stel nie, kompleet met 'n argief van presedente, sodat daar eenvormigheid sal wees. Van Christus se persoonlike regering, sy Woord en sy roeping en opdrag (soos in die presbiteriale stelsel verstaan) bly weinig of niks meer oor nie. Ten opsigte van predikante word die gemeente se aandeel aan die roeping en

uiteindelik ordening van jong predikante (proponente) eenvoudig verwyder – ‘n kerkverband (algemene sinode) sal deur middel van sy algemene kuratorium predikante orden en bevestig en uitstuur:

“4.5 Rol van Algemene Kuratorium (Algemene Sinode)

Die Algemene Kuratorium:

4.5.1 ken by ontvangs van die name van die kandidate ‘n studentenommer (aangedui deur ‘n S aan die begin - vir student) aan die betrokke toe. (Hierdie S-nommer bly van krag totdat die persoon georden word waarna die predikant ‘n P-nommer ontvang as aanduiding van predikant);

4.5.2 koördineer die werksaamhede van die onderskeie kuratoria;

4.5.3 tree namens die Algemene Sinode in gesprek met teologiese fakulteite rakende teologiese opleiding in belang van die bediening;

4.5.4 werk mee aan kurrikulering en eksaminering;

4.5.5 stel ‘n gedragskode vir studente op; 4.5.6 orden³ die suksesvolle kandidate.

³ “Orden” vervang legitimasie, geskied met handoplegging en verleen predikantsbevoegdheid.”

So word die Roomse denkwys in die kerk ingedra. (*Ubi papam, ibi ecclesia*, dit is: “waar die amp [pous] is, dáár is die kerk.) Suiwerder Rooms kan dit nie.

9 HIËRARGIE IN DIE NED GEREF KERK

Elke Ned Geref gemeente (lidmaat en ampsdraer), ring en selfs streeksinode gaan toenemend gebuk onder en word ingebind deur die Algemene Sinode, sy permanensie, sy gesag, sy funksionaris, sy taakspanne/kom-missies, sy verklarings en veral sy selfopgelede bevoegdheid om bindende (selfs ten opsigte van die gewete) besluite te neem. Die feite spreek van die uitbou en institusionalisering van ‘n gesentraliseerde kerklike hiërgie op algemene sinodale vlak, wat van bo af die Ned Geref Kerk as ‘n saamgestelde korporatiewe grootheid effektief bestuur en regeer. In hierdie verband kan gewys word op:

- Die aanwys van taakspanne en identifisering van rolspelers om die verloop van Algemene Sinodale Vergaderings strategies vooraf te beplan en te bestuur
- Die kerklike posisie van Moderator
- Die ASM as hoogste gesag in en van die Ned Geref Kerk, as die eintlike Ned Geref Kerk wat verklarings en standpunte namens die Ned Geref Kerk uitreik
- Die magte en bevoegdhede van Taakspanne
- Die bestuur en beheer van die kerklike herenigingsproses van bo af
- Voorleggings van Direkteure en Sekretaris aan die staat namens die Ned Geref Kerk
- Die skep van dokumente soos A – Z Beleid vir Predikante
- Die instelling van Kerklike Tribunale

Met so ‘n kerkbegrip en werkswyse word die Bybel gekompromitteer. Die Bybel ken nie iets soos ‘n sentrale kerklik-sinodalistiese gesag of die sentralisering van mag nie. Daar word nêrens so ‘n opdrag gegee nie, nog so iets veronderstel nie. Die Bybel ken ook nie so iets dat sinodale taakspanne/kommissies/funksionaris/moderatore die ‘stem van die kerk’ kan word nie. Die Bybel ken wel ‘n plaaslike gemeente, met ‘n orde, dienaars en bediening. Die Bybel voorsien ook dat hierdie gemeentes ‘n verband het, en altyd sal hê. Dit is tog duidelik dat (byvoorbeeld) die gemeentes aan wie Paulus briewe geskryf het, almal die Skrif ontvang het, almal in ‘n orde gelewe het (1 Tim 3:15, 1 Kor 12-14), almal die een ware geloof ontvang het, almal die tug onderhou het, almal die Gees ontvang het,

almal die ampte/dienste ontvang het en dat almal ook vir mekaar en die waarheid gesorg (Hand. 15) het. Die Bybel wys ook dat hierdie gemeentes mekaar erken het, dat hulle in korrespondensie was met mekaar en dat hulle selfs ook rondom die Woord, in Jerusalem, bymekaar gekom het om sake wat hulle self nie kon afhandel nie, te deel en tot uitklaring te kom. (Hand. 15)

Hierdie klaarblyklike verband tussen gemeentes begrond die Bybel nie op kerklike behoefte, nood, welstand, funksionaliteit, ensovoorts, nie. Al hierdie sake, wat die praktiese vergestaltung is van kerke se onderlinge verbondenheid, het eintlik te make met die teenwoordigheid en werk van die Here Jesus in en by sy kerke. In die laaste Bybelboek laat val Hy die lig onmiskenbaar helder hierop. (Kyk weer na Openbaring 1-3) Hy beweeg tussen die lampe, wat die sewe gemeentes is. Hy is dus die verband tussen die kerke. Hy is immers alomteenwoordig, want Hy is God. Kerke, en vergaderings van die kerk, kan dus nie van bo af oor mekaar heers nie. Hy beweeg tussen die lampe, Hy sit nie stil nie. Hy is besig om sy kerk te vergader, te beskerm en te onderhou So, op dié manier. Hy sien toe dat aan elke gemeente geskryf word – elkeen ontvang die Woord. So word sy stem in elke gemeente gehoor. Deur die Gees. Op dieselfde manier, en geldend vir almal in elke gemeente. Hy praat nie verskillend, draai nie sy mantel na die wind nie, speel nie vir die paviljoene nie. Daar staan immers aan die einde van elke brief dat elkeen moet hoor wat die Gees aan die gemeentes (meervoud) sê. Die dienaars in die gemeente hou Hy in sy regterhand. Almal onder Hom – geen amp oor 'n ander amp nie. En, hierdie ampte/dienste kan ook nie deur ander kerklike funksionariesse vervang word nie. (Sien Openb. 1-3). Opsommend is dit dus duidelik dat Christus self deur sy Woord en Gees in die kerk en kerkverband regeer. So wil Hy en so doen Hy. Nog die kerk, nog die kerkverband kan uit sy hande geneem en gesekulariseer word.

Die Belydenisskrifte volg die Bybelse lyn in hierdie verband. Vergelyk byvoorbeeld Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, en die Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikels 28-32. Ook hierin soek 'n mens tevergeefs na 'n groenlig om 'n gesentraliseerde korporatiewe kerklike instansie bokant die gemeentes te regverdig. Die teendeel is waar. Die sinodalistiese kommissie-krasie van die Ned Geref Kerk kompromitteer hierdie belydenis-grondslag.

In die lig van die Skrif en die belydenis is dit duidelik dat die situasie waarin ons huidig sit, die gevolg daarvan is dat die kerkverband verselfstandig is – los van die bewarende, versorgende, beskermende Christus en los van die plaaslike kerk. Daarom het dit gesekulariseerd geraak en is dit vervang met 'n funksionele korporatiewe kerkbegrip. Die kerkverband (lees Algemene Sinodale Taakspanne, Kommissies, Funksionariesse) beweeg nou tussen en oor die lampe. Maar hulle kan nie doen wat Christus doen nie. Daarom vernietig hierdie soort selfaangestelde funksionele en sinodalistiese oorheersing wesenlik die verband tussen die lampe. En dit laat Christus nie toe nie. Hy kan 'n lamp van sy plek verwyder, maar Hy beskerm eweseer 'n lamp teen hierdie indringing en oorheersing van buite. (Joh 10:1-5) Lampe en lampe moet in die Ned Geref Kerk weer versoen word, in Christus. Só moet ook die Ned Geref lampe lyk.

Die stem van die goeie Herder is duidelik: Dit is op grond van sy versoeningswerk dat Hy tussen die lampe beweeg. In die bediening van die Woord en die Gees aan ons, aan die lampe, hoor ons Hom as Hy ons terugroep uit die greep van 'n onskriftuurlike sinodalisme en funksionele hiërargie. Dan gaan die lig op: Christus is die alomteenwoordige Here. Dan kom die vryheid en die gebondenheid aan Hom. Dan kom al ons samekomste, ook in ring en sinode weer tot hulle Skriftuurlike sin en reg.

10 TYD VIR BESINNING

Uit alles wat hierbo gesê is, blyk dit duidelik dat die tyd vir ingrypende en dringende besinning en besluitneming deur die Ned Geref kerk in Noord-Kaapland aangebreek het. Dié kerke sal – op plaaslike vlak, sowel as ter sinodale vergadering – tot besluite moet kom oor hulle verbondenheid aan die belydenisgrondslag (die Formuliere van Enigheid) en die presbiteriale stelsel van kerkregering, as uitdrukking van die alleenheerskappy van Hom wat tussen die lampe beweeg. Dit is duidelik dat die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika toenemend die trekke vertoon van 'n stelsel van kerkregering wat die duidelike trekke vertoon van die episkopalisme en die kollegialisme. Die kleed van leierskap word gehang om en aangetrek deur persone wat dan as sogenaamde “kerkleiers” in hiërargies-gekleurde posisies beland en – met die bekwame hulp en ondersteuning van moderne massamedia – die kerk in die “algemeen-sinodale” spore van geregtigheid wil en sal lei. Die eerste gevolg daarvan is dat alle selfstandigheid (én volledigheid) die plaaslike kerk ontnem word. Dié kerke word hoogstens maar “beleidsuitvoerders”, bedryfsreghouers (“franchises”). Dit mag nie verder nie. Die kerk is immers Christus se kerk; in sy hande hou Hy haar, met sy Woord en Gees versorg Hy haar, deur sy Woord en Gees waak Hy jaloers oor sy kerk.